NEO-SPEKTRUM SIRKELFLITS 1:2022






# Kersfees 2021

## Hoe het ons tot hier gekom, en hoekom voel dit of dié jaar ’n stroomversnelling was?

Maar hier is ons, met dankbare harte vir seëninge so milddadig. Hier is ons, nieteenstaande, desondanks, ten spyte van die afgelope jaar se uitdagings, spanning, hartseer, en onsekerheid.

Kersfees is die gety van gee en omgee. Dit is die seisoen van liefde, vrede, en vreugde. Miskien die enigste tyd van die jaar waar ons so klein bietjie meer geduldig is met onsself en ander.

Kersfees is ook ons herinnering dat in ons viering van Jesus se geboorte ons eie wedergeboorte opgesluit lê. Dit is ’n kans om te herstel, herbesin, herontdek, wat God se teenwoordigheid in ons lewe beteken.

Laat dit nie ongesiens verbygaan nie.

As Johannes Evangelie sê dat “die Woord het vlees geword” mag dit ook waar wees vir elkeen van ons — dat God sigbaar word in ons menswees. As Matteus Evangelie sê sy naam is “Emmanuel” mag ons dit almal kennelik naby ervaar dat God nooit weg of vêr is nie, maar *in* en *om* en *by* ons… elke tree van elke dag.




As ons hoor, “dit is my Geliefde Seun in wie ek ’n welbehae het” — mag ons dit weet en ervaar dat elkeen van ons ’n geliefde seun en ’n dogter van God is.

Ek wens vir jou en jou geliefdes ’n Geseënde Kersfees.

Met liefde
**Terblanche**





# KERSFEES IS HIER


**Kan julle glo dis alweer Kersfees!!**

**Die dae word al langer en warmer en die jaar loop nou vinnig na 'n einde. Hierdie tyd van die jaar sien almal uit na 'n welverdiende blaaskans en 'n lekker somervakansie saam met familie.**

**Saam hiermee moet ons onthou dat Kersfees oor Christus gaan en dat Kersfees 'n herinnering is dat God met ons is.**

**In aansluiting hierby skryf *Alwyn Swanepoel* oor die Feesgety:**

***Here, vervul in welbehae ons harte met u Gees,***
***skenk ons in hierdie dae 'n ware Christusfees.***
***Ons bid dit***
***in die Naam van ons Here Jesus Christus.***
***Amen***



**Met dit in gedagte word elke Sirkelvriend 'n wonderlike feestyd met 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar toegewens.**

**Edward**

## DIE BEWYS DAT JY 'N CHRISTEN IS, IS DAT JY CHRISTUS ORAL RAAKSIEN

### NUUS VANAF ATTIE VAN WYK PS

Me. Loretta Loggenberg, Prisipaal van Attie van Wyk PS, is vanaf 2022 bevorder tot Prinsipaal by Fisantekraal PS. Sy het in haar termyn van 4 jaar by Attie van Wyk baie vermag en die skool uitgebou. Hier volg 'n uittreksel uit haar afskeidsbrief:

*"In diesellfde asem moet ek dan baie dankie sê aan ons getroue borge wat elkeen 'n groot bydrae tot die vordering van ons skool maak …. Neo-Spektrum wat seker maak dat daar 'n opvoeder in Graad 6 en 'n klashulp voltyds aangestel kan word. Leesprogramme was ook deur hul aangebied totdat die Covid-pandemie toegeslaan het."*

Neo-Spektrum wil me. Loggenberg baie geluk wens met haar aanstelling. Dit is egter 'n groot verlies vir Attie van Wyk PS, maar die grondslag wat sy by die skool gelê het, gaan dit baie makliker maak vir mnr. Baatjies (voorheen van Blue Mountains PS) wat haar opvolg.

Goeie wense met die pad vorentoe!

Sirkelvriende van Neo-Spektrum

Onder: Chrisna & Edward Smuts saam met Loretta Loggenberg met 'n ruiker vanaf Neo-Spektrum om haar geluk te wens met haar bevordering.



# SOMERFEES








Bo Vlnr: LOUIS, EMMA, ALEC & LISA GENIET DIE SONSONSDERGANG



Regs: LYDIA & JOHAN



Links: BARRY & ANNE-MARIE



Regs: RONEL VERWELKOM ALMAL BY SOMERFEES



Links: FEES VOLSTOOM AAN DIE GANG



# VEILING

**Baie dankie vir al die skenkings ter waarde van R47 000 wat op veiling verkoop is vir**

**R 101 600**




**SKENKINGS:**
**WYN,**
**KUNSWERKE**
**KERAMIEK &**
**GESKENKBEWYSE**

**Somerfees lewer 'n wins van**

**R 90 300**

**DANKIE VIR AL DIE ONDERSTEUNING**



**Die gelukkigetrekking lewer 'n wins van**
**R 6 393**



**LINKS ONDER: JOHAN & CECELIA HANTEER DIE OPSKRYWING VAN VERKOPE**

**REGS ONDER: AFSLAER IN VOLLE SWANG**






# NEO-SPEKTRUM GEDURENDE 2022

**WYSHEIDSIRKEL VAN NEO-SPEKTRUM**

**ELKE SONDAG OM 10:00**
**IN DIE KAPEL BY KOLPING SENTRUM**

## UK—VERGADERINGS

- 26 Januarie
- 25 Mei
- 21 September
- 2 November

## JAARVERGADERINGS

- 10 April: Spesiale JV
- 27 November: Algemene JV

## AANBIEDINGE

- 7 Mei: Geskiedenis van die Bybel
  Ou Testament
- 14 Mei: Geskiedenis van die Bybel
  Nuwe Testament
- Junie: MES Winterhoop
- 30 Julie: Spiritualiteitskonferensie
- 5 Augustus: MES Vrouedagete
- November: Huis Jabes - Somerhoop
- 12 November: Somerfees & Wynveiling



## GESPREKSGROEPE

Neo-Spektrum beplan om met die GESPREKSGROEPE volgende jaar voort te gaan. Dit vind altyd elke tweede Donderdagaand by Kolping @ 19:30 en elke tweede Maandagaand by Terblanche aan huis in Tamboerskloof @ 19:30 plaas.

Daar sal aanvanklik met ACIM begin word en daarna sal voortgegaan word met Brené Brown se boek 'Rising Strong'. Daar sal gekyk word hoe hierdie bespreking verloop en of daar weer na ACIM teruggegaan sal word.

## BOEKGROEP

- Hier stel 'n lid 'n boek of onderwerp aan die groep voor. Dit dien as aanknopingspunt vir verdere bespreking.
- Vergader om 19:00 gewoonlik op die 1ste Maandagaand van die maand in Durbanville
- Die datums vir 2022 is:
  - ⇒7 Februarie
  - ⇒7 Maart
  - ⇒4 April
  - ⇒6 Junie
  - ⇒1 Augustus
  - ⇒5 September
  - ⇒7 November
- Op 7 November word die laaste boek vir die jaar bespreek, maar is ook 'n afsluitingsfunksie
- Vir meer besonderhede skakel Lydia by 084 751 5401 of lydialeroux4@gmail.com

Edward Smuts: Samesteller
ed56chris@gmail.com

Chrisna Smuts: Taalversorging
chrisna1949@gmail.com